

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Lied 177

Jesus, gróót bo almal:
sterke Verlosser,
magtige Heer en Heiland,
Immanuel - God is met ons -
reddende Here, lewende Woord.

Woorddiens

Tema: “Bewaak jou siel?”

Skriflesing: 1 Petrus 2:18-25

Broodjies vir die pad

“What is a friend? A single soul dwelling in two bodies.”

— Aristotle

“Let us be grateful to the people who make us happy; they are the charming gardeners who make our souls blossom.”

— Marcel Proust



Dis tyd vir bid en leer van mekaar

André van Niekerk

Om saam te bid, kan heilige pret wees! Dis die afleiding wat ek maak nadat vriende die Dis tyd!-byeenkoms bygewoon het.

Die sowat 1 miljoen pelgrims op ’n plaas by Bloemfontein is in meer opsigte betekenisvol: Godsdien vervul steeds ’n deurslaggewende rol by baie van ons landgenote. Tel ’n mens die rekordskare saam met dié wat Paassondag se saamtrekke bygewoon het, is die getal gelowiges wat moeite doen om na sulke byeenkomste te reis beduidend.

Dat soveel mense opreg na oplossings by God soek, is verblydend. Boonop is al die benodighede geskenk in ’n tyd waarin mense net wil gryp en kry. Dit gee ’n mens hoop vir ons land.

Juis vanweë hierdie erns en toewyding behoort ons die ambivalente rol wat godsdien (nog altyd) speel nie te ignoreer nie. Siniese waarnemers moet aanvaar dat mense se geloof deur sulke byeenkomste gevoed word en dat dit goeie gevolge in hul families, werkkringe en selfs wyer kan hê. Godsdienstige mense, wat van sulke byeenkomste hou, behoort nederig op te tree om nie die hoop wat hulle dra te beskadig nie.

’n Groot deel van die aantrekkingskrag van sulke byeenkomste is toe te skryf aan leierskap. In ’n land waarin ons

groot geduld met mekaar nodig het om groter geregtigheid te bereik, het die politieke leierskorps tot ’n morele laagtepunt gedaal. Dit versterk die behoefte aan leiers wat ’n mens kan inspireer, jou kan help met die vrede in Christus en jou laat aanhou om die goeie te doen.

Terwyl tradisionele kerke se leierstaak dikwels tot die bestuur van kroonprins se faksies verskraal word, het oom Angus nie ’n probleem om ’n profetiese leier te wees nie. In die taal van ’n boer sonder deftige titels en kleredrag gryp sy pretensieloosheid en eenvoudige geloof in God mense aan die hart.

Dis duidelik dat die organiseerders die getalle as ’n bevestiging van God se seën bestempel. Die organisasie, opoffering van vele en die deelname is inderdaad indrukwekkend.

God werk wel nie net deur getalle nie, maar met genade en deur lyding selfs meer as deur triomf. Daarom vertel Jesus dat God selfs ’n uitgesluite weduwee se nood raaksien.

Dikwels was dit juis ’n Gideonsbende of enkelinge, soos Luther, Bonhoeffer of Naudé, wie se interpretasie van God se wil eers ná vervolging as waarheid erken is. En ai, kan ons nie baie by mekaar leer nie? Die kerke kan by ’n geloofsbeweging leer van leierskap, waagmoed, samewerking en relevansie.

En geloofsbewegings? Dalk kan hulle uit die kerk se swaar betaalde foute leer. Soos om God se stem identies aan ons eie interpretasie van die Bybel te stel. Ook om die Bybel deurgaans letterlik te wil verstaan, terwyl talle Bybeldele in gelykenistaal na ’n groter misterie wys. Daar is ook die fout om wetenskaplikes se bevindings te verketter en ’n struikelblok vir denkendes te word.

En die flater om God se wil vir vandag met ’n kultuurpatroon van die antieke tyd te vereenselwig.

Dalk die belangrikste wat ons saam kan leer, is om met ’n oop gemoed afhanklik te bly omdat nie een die volle waarheid besit nie.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dis-tyd-vir-bid-en-leer-van-mekaar-20170426>



“Let there be spaces in your togetherness, And let the winds of the heavens dance between you. Love one another but make not a bond of love: Let it rather be a moving sea between the shores of your souls. Fill each other's cup but drink not from one cup. Give one another of your bread but eat not from the same loaf. Sing and dance together and be joyous, but let each one of you be alone, Even as the strings of a lute are alone though they quiver with the same music. Give your hearts, but not into each other's keeping. For only the hand of Life can contain your hearts. And stand together, yet not too near together: For the pillars of the temple stand apart, And the oak tree and the cypress grow not in each other's shadow.”

— Kahlil Gibran, The Prophet

Intense stuk laat jou mymer oor lewe

Mariana Malan

Hemelruim

Fugard-ateljé

Hierdie sterre is in 'n wentelbaan waar hulle bly skitter. Al meer as drie jaar lank word gehore in 'n swart kolk ingesuijg deur emosie op die eenvoudigste manier moontlik aangebied.

Twee mense, een verhaal, maar op verskillende maniere uniek. Dit hou jou aan die wonder oor hoe anders dinge sou verloop het as een van hulle net so effens anders sou gereageer het op dieselfde situasies.

Dit laat jou wonder hoe jou eie lewe sou verloop het as jy vandag net die snelweg in plaas van die agterpaadjie gevolg het. Sou jy daardie stukkie geluk gevind het as jy net effens anders gereageer het?

Tinarie van Wyk-Loots en Paul du Toit is onderskeidelik Mariaan en Roelof, kwantumfisikus en byeboer.

Hulle ontmoet by 'n vleisbraai (al meen hy later dit was by 'n troue) en in verskillende omstandighede kry hulle die kans om weer te kies, dalk nog oor te begin.

Die swart skadu van verganklikheid en hoe daarmee omgegaan word, hang oor die gebeure. Maar dis nie wat jy met jou saamneem huis toe nie. Jy gaan verdrietig weg, maar met die vaste voorneme om van jou klein keuses die beste te maak en van oomblikke van geluk 'n blywende herinnering.

Hemelruim is die vertaling (deur Nico Scheepers) van die Broadway- en West End-treffer *Constellations* deur Nick Payne. Hy stel jou voor die idee van 'n heelal waar dinge nie hoef te verloop soos vooropgestelde idees bepaal nie.

Dit was reeds 'n jaar of wat gelede in die Theatre on the Bay te sien. Toe reeds het dit aangegryp, maar hierdie produksie praat in jou taal tot jou hart.

Van Wyk-Loots is reeds drie keer vereer vir haar vertolking, onder meer met 'n Fiësta-prys vir beste aktrise. Sou daar 'n prys kon wees vir indrukwekkendste duo, sou sy en Du Toit dit beslis ook gekry het. Dalk nog 'n trio-prys met die regisseur Scheepers ook daarby.

Dis selde dat soveel intimiteit en hartstog op so 'n aangrypende en onderbeklemtoonde manier op die verhoog gesien word. Die stuk mag kwantumfisika bytrek, maar hier gaan dit om die suiwer magiese.

Daar is byvoorbeeld 'n toneel waar die twee deur vingertaal kommunikeer. Dis 'n toneel wat jy gaan voeg by jou oomblikke van grootsheid in die teater.

Toneelwisseling gaan byna ongesiens verby. 'n Nuwe trui, die draai van 'n rug op die gehoor, 'n nuwe paadjie tussen die kaal gloeilampies deur bied nuwe moontlikhede, nuwe uitdagings.

Teater van hierdie aard maak dat sterre selfs op 'n betrokke aand helder skyn. En dit laat jou glo daar is hoop waar jy op jou paadjie sonder keuse stap.

Dinsdae tot Saterdag in die Fugard-ateljé tot 13 Mei. Daar is ook middagvertonings op Saterdag. Bespreek by Computicket.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Teater/intense-stuk-laat-jou-mymer-oor-lewe-20170501>

Brood vir die pad

Al gewonder oor die gewoontes wat vryheid baar?

DJS

In 1831 reis 'n 25-jarige Fransman nege maande lank deur die destydse Amerika vir navorsing. Jare later skryf Alexis de Tocqueville 'n klassieke studie oor Amerika asook oor die ontwikkeling van demokrasie, *Democracy in America*. Hy verwonder hom oor vele in dié nuwe wêreld, oor vrye individue wat vir hulself dink en droom en doen soos wat sy eie Frankryk nie ken nie.

Hy skryf met verwondering en fyn waarneming, dog ook huiwerend, oor wat miskien nog mág gebeur as gevolg van sulke ongekende vryhede. Dié mag straks lei tot gewoontes – “gewoontes van die hart”, noem hy dit – wat uiteindelik dié vryheid self gaan ondergrawe. *Habits form in freedom that may one day become fatal to that freedom*, sê hy, demokrasie dra dalk die kiem van eie ondergang, sou dié groei en ryp word en wrange vrugte lewer.

Ons ken almal dié bitter vrug – byvoorbeeld hoe vryhede by kinders kan lei tot verwoestende verslawing.

Maar dié tragiese waarheid strek veel verder. Jare later beskryf die leidende sosioloog Robert Bellah en sy kollegas, gebaseer op empiriese navorsing, met vers en kapittel dié verwoestende gewoontes wat kom met dié ongehoorde vryhede, in *Habits of the Heart*. Hulle vertel onthutsende verhale van vele wat toenemend persoonlike vryhede gebruik om net vir hulself te lewe en vir hul eie geluk om te gee – meesal selfs salig onbewus dat hulle dit doen. Hulle gee nie werklik meer om vir ander en dra nie regtig meer sorg vir die gemeenskap nie, hulle bedink en droom net hul eie welwese. Jare later suggereer dieselfde span navorsers uitweê in *The Good Society* deur te pleit vir betrokkenheid, omgee vir gemeenskap en samelewing, tráák oor wat aangaan, aktief raak by buurt en skool, dorp en stad, aksies en openbare mening, téén onttrek en kritiseer, terugsit en oor alles beter weet maar self g'n vinger verroer nie. Demokrasie leef van burgers wat bydra en saampraat en betrokke is – óf sterf aan sy eie gewoontes en vryhede opgevat as geleenthede om te lewe net vir onself, sê hulle.

Eintlik beskryf Bellah al tóentertyd in *The Broken Covenant* hoe suksesvol Amerika rykdom en mag vergader, maar hoe donker sy toekoms is weens die arrogansie wat kom met dié sukses en voorspoed – en daarmee die dreigende skadu van selfvernietiging. Dog nou ja, dis Amerika.

Toe ons destydse Hebreeuse dosent op 'n warm somerse namiddag die klas op sy droë manier begin deur te sê: “Menere, ek sien vanmiddag weer mense wat nie hier is nie,” wou een spitsvondig weet: “Nou wat het dit nou eintlik met óns te doen?”

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/al-gewonder-oor-die-gewoontes-wat-vryheid-baar-20170428>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877